

POLICY 015/2016 RAADSBELEID

SUBJECT/ONDERWERP: LIDMAATSKAP VAN MEDIESE SKEMAS

REFERENCE/VERWYSING: 4.5.6.1

RESOLUTION NO/BESLUIT NR: 30.8/06/2016

DATE/DATUM: 7 June 2016

BELEIDSOOGMERK: Om die voorwaardes van lidmaatskap van geakrediteerde mediese skemas vir amptenare en ook afgetrede amptenare te bepaal

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Om voorsiening te maak vir subsidiëring van amptenare om lidmaatskap van geakrediteerde mediese skemas te verkry.

RIGLYNE

A. LIDMAATSKAP

1. Alle permanente amptenare, insluitend Senior Bestuurders wat direk aan die Munisipale Bestuurder rapporteer, word gedek deur hierdie beleid.
2. Lidmaatskap van 'n mediese skema is vrywillig, Munisipaliteit //Khara Hais sal 'n amptenaar wat as hooflid van 'n geakrediteerde mediese skema geregistreer is subsidieer met 60% tot 'n maksimum bedrag soos jaarliks bepaal deur die SALGBC, Senior Bestuurders moet egter hul alles insluitende vergoedingspakket struktureer om hierdie bydrae in te sluit.
3. 'n Amptenaar mag slegs gedurende die vensterperiode, een keer jaarliks met **ingang van 1 Januarie**, van mediese fonds verander, met dien verstaande dat **een maand kennigewing** aan die huidige mediese fonds gegee word.
4. 'n Amptenaar wat sy/haar lidmaatskap van 'n mediese skema gedurende 'n jaar opskort en na onderbreking weer lidmaatskap van 'n geakrediteerde mediese skema verkry, sal slegs kwalifiseer vir subsidiëring **vanaf 1 Januarie die daarop volgende jaar**.
5. 'n Wagperiode van **3 maande** mag van toepassing wees by 'n mediese skema, indien 'n amptenaar nie op sy/haar aanstellingsdatum aansluit nie, onderhewig aan die reël van die betrokke mediese skema.
6. 'n Amptenaar moet **een maand** kennis gee aan 'n mediese skema indien hy/sy lidmaatskap wil beëindig.
7. Die gade en/of afhanklikes van 'n amptenaar wat afsterwe mag lidmaatskap voortsit, in welke geval die munisipaliteit 70% van die totale bydrae tot 'n maksimum bedrag soos jaarliks deur die SALGBC bepaal, bydra, uitgesluit ongebore afhanklikes van die hooflid en onderhewig aan klousule 15 van hierdie beleid.

B. REGISTRASIE VAN AFHANKLIKES

1. Die volgende afhanklikes sal gesubsidieer word tot 'n maksimum bedrag soos jaarliks deur die SALGBC bepaal:
 - 1.1 Die gade of saamleef gade (slegs een), biologiese kinders, aangenome en pleegkinders van die hooflid (bewys van afhanklikheid moet ingedien word).
 - 1.2 Voltydse studente tot die ouderdom van 24 jaar, onderhewig aan die reëls van die betrokke geakrediteerde mediese fonds en indiening van bewys van voltydse studies.
 - 1.3 'n Amptenaar wie se gestremde kind deur die betrokke geakrediteerde mediese skema aanvaar word as afhanklike kind, mag aansoek doen vir subsidiëring van die betrokke kind.

C. EIS PROSEDURE

1. Die amptenaar is verantwoordelik vir indiening van eise op die wyse soos deur die betrokke mediese skema voorgeskryf, Menslike Hulpbronne sal slegs 'n ondersteunende rol speel.
2. Die munisipaliteit sal sorg dat premies aan die mediese skema oorbetaal word, op 'n datum soos ooreengekom met die betrokke mediese skema.
3. Die amptenaar moet verseker dat die aansoeke om lidmaatskap, registrasie en kansellasië van afhanklikes asook beëindiging van lidmaatskap, betyds by Menslike Hulpbronne ingedien word.

D. VOORTGESETTE LIDMAATSKAP

1. 'n Amptenaar wat aftree in terme van die Raad se beleid of wie se dienste as gevolg van swak gesondheid beëindig word, se mediese fondsbydraes sal met 70% subsidieer word, tot die maksimum bedrag soos jaarliks vasgestel deur die SALGBC, indien die amptenaar minstens **10 jaar** in diens van die Raad was en hy/sy vir die grootste gedeelte daarvan as Hooflid of afhanklike tot 'n mediese fonds behoort het.
2. Indien 'n Voortgesette lid afsterwe sal slegs die gade en afhanklikes wat tydens afsterwe van die hooflid geregistreer was subsidieer word.
3. Indien die gade van die gestorwe Voortgesette lid sy/haar lidmaatskap opskort en daar 'n onderbreking is, verval die voordeel en sou hy/sy weer lidmaatskap verkry, sal geen verdere subsidie betaal word nie.
4. Waar die gade van die Voortgesette lid aandui dat hy/sy wil voortgaan met 'n mediese skema, sal **3 maande** grasië toegelaat word vir afhandeling van die boedel, op voorwaarde dat die uitstaande bedrag aan die Raad terugbetaal word onmiddellik ná die grasië tydperk of wanneer die boedel afgehandel word, watter datum ookal die vroegste is.
5. Die bydrae van die Voortgesette lid moet in die Raad se rekenig inbetaal word **vóór of op die laaste werksdag** van elke maand.

6. Indien die Voortgesette lid se bydraes vir meer as **60 dae** uitstaande is, sal lidmaatskap by die mediese skema summier beëindig word en sal die lid steeds verantwoordelik wees om die uitstaande lidbydraes te betaal.
7. 'n Voortgesette lid moet bewys van bestaan (beëdigde verklaring), bewys van inkomste en bewys van woonadres by Menslike Hulpbronne jaarliks voor **15 November** indien vir berekening van mediese fondsbydraes **met ingang van 1 Januarie** die volgende jaar.

ROLLE

Munisipale Bestuurder.

Direkteure.

Subdirektoraat Menslike Hulpbronne.

VERWANTE BELEID

Diensbeëindigingsbeleid.

HERROEPING/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.